Laerskool Lynnwood

# LYNNIES BEELD

Gelukkige kinders presteer vanself

Kwartaal 1: Nommer 6 - 20 Februarie 2026

# Ouerleiding

***Rugby, netbal en enige ander spansport***

***Die bestuur van verwagtinge:***

*Een pappa wil graag sy kind in die A-span sien...moontlik nog die kaptein, top driedrukker, top puntemaker en rugbyspeler van die jaar ook. Die ander pappa wonder hoekom hy nie nou alreeds by die huis sit en "highlights" kyk op Supersport met 'n bord kos op sy skoot nie...*

*Een mamma wil graag haar dogter in die A-span sien...moontlik nog die kaptein, top doelgoeier en netbalspeelster van die jaar ook...*
*Die ander mamma dink net aan die huiswerk wat moet klaar, en wat hulle vanaand gaan eet...*

*Elke seun wil "step" soos Cheslin, skop soos Handré Pollard en "tackle" soos Pieter-Steph du Toit. En elke dogter wil doele gooi soos....wel wie ook al die doele gooi vir die Proteas!*

*En die onderwysers wil net die beste spanne kies om so goed as moontlik te presteer.*

*Almal kom na dieselfde plek met heeltemal verskillende verwagtinge en dit is 'n bitter moeilike ding om te bestuur.*

*Dié van julle wat al 'n spansport afgerig het sal weet hoe moeilik dit is om die verskillende verwagtinge te bestuur.*

# Ouerleiding

**'n Onderwyser - perspektief:**

1. *Om spanne te kies is nie lekker nie.*
2. *Voor-seisoen oefeninge het kinders ge- "up-skill" en geleenthede gegee sodat ons sterk spanne kan kies.*
3. *Ons gebruik oefeninge om seuns / dogters teen mekaar op te weeg.*
4. *Ons berei voor vir 'n baie sterk en kompeterende liga.*
5. *Indien jou seun of dogter nie tevrede is met die spanne nie, moedig asseblief jou seun of dogter aan om ons verkeerd te bewys.*
6. *Daar is groot groepe, kinders en ouers, elkeen met eie idees, persepsies en verwagtinge.*
7. *Ons is jammer, want ons maak ook foute.*

*Ons afrigters het baie ure spandeer om die kinders gereed te kry vir die komende seisoen en almal is ongelooflik opgewonde vir wat voorlê.*
*Dit is vir ons elkeen 'n reuse voorreg om vir 'n klein deel van hierdie kinders se lewens 'n groot rol te kan speel in hul ontwikkeling.*
*Dankie vir elke ouer se ondersteuning tot dusver! Ons sien uit na 'n opwindende en taai seisoen.*
*Onthou, 'n Lynnie verloor NOOIT. Hy leer net.*

***"I love to watch you play"***
*The six words athletes most want to hear from their parent.*
*Unknown*

# Grondslagfase

*Die Grondslagfase leerders is fluks besig met formele assessering. Baie dankie vir elkeen van julle wat so mooi saamwerk en moeite doen om elke dag jul beste werk te lewer. Saam met die harde werk maak ons ook altyd tyd vir pret aktiwiteite, waarvan kuns op 'n Vrydag een van hierdie aktiwiteite is. Tog te lekker, net so voor die naweek afskop*!















# Sport

## Atletiek














*Na 'n besige en uiters suksesvolle atletiekseisoen kan Laerskool Lynnwood met trots terugkyk op puik prestasies. By Hoërskool Eldoraigne se aflosbyeenkoms op 2 Februarie het ons Lynnie-atlete die Laerskole wenners-trofee verower. Verder het ons aflosspanne uitstekend gevaar by die Curro Podium Landsfinale. Beide die seuns en dogter afdelings het gewen, maar buiten dit, was Lynnies aangewys as algehele wenners.*

*Laerskool Lynnwood spog ook met 17 atlete wat deurgedring het na die Distrik Kampioenskappe wat op Vrydag, 20 Februarie 2026, by Die Hoërskool Menlopark plaasvind. Hierdie prestasie getuig van harde werk, toewyding en spangees.*

# Sport

## Atletiek

***Geluk aan die volgende atlete wat deurdring na Distrik:***

Nienke van Wyngaard - Gewigstoot
Lemay vd Westhuizen - 1200m
Wian Slabbert - 1200m
Mia Labuschagne - Spiesgooi
Benjamin Strohfeldt - 1200m
Anru Oelofsen - Gewigstoot en Spiesgooi
Isabella Ebersohn - Diskus en Hoogspring
Milandri Schalekamp - 200m Hekkies, Verspring en 75m Hekkies
Ruan Pienaar - 150m Hekkies
Malan Strijdom - 150m Hekkies
Olivia Ebersohn - Hoogspring en 100m naelope
Lian Olivier - Hoogspring
Morne Dippenaar - 70m Hekkies
Abigail Paulus -70m Hekkies
Melanje Maasdorp - 70m Hekkies en 100m naelope
Eli Ruyter - 100m naelope en 150m naelope
Jp Beukes 100m naelope en 200m naelope

Ons wens al ons atlete sterkte toe en is ongelooflik trots op elke Lynnie-atleet!



















# Sport

## Atletiek

Baie geluk aan die volgende atlete met hul prestasies tydens Vaalpark Prestige atletiekbyeenkoms:

**Nienke van Wyngaard**



Beste Senior dogters veldatleet van die dag tydens Vaalpark Prestige en Top 20 atletiekbyeenkoms

**Abigail Paulus**



Beste Senior dogters baanatleet van die dag tydens Vaalpark Prestige atletiekbyeenkoms.

**Mia Ströhfeldt**



Beste Junior Dogters baanatleet van die dag tydens Vaalpark Prestige atletiekbyeenkoms.

## Tennis

*Nog 'n week van Gauteng-Noord Laerskole Tennisliga het goed gegaan en die kinders speel al te spoggerig. Hulle is trotse Lynnies!*





# Sport

## Swem

**Midmar Mile op 7 Februarie 2026**

*Johan Naudé en Herman Brink het op 7 Februarie 2026 deelgeneem aan die Midmar Mile.*
*Johan swem sy eerste Midmar in 36 minute.*
*Herman het die Midmar Mile in 30 minute en 10 sekondes geswem.*







**NTS Junior Colours**

*Baie geluk aan Morné van der Merwe en Herman Brink wat hulle NTS (Gauteng Noord) junior provinsiale klere verwerf het. Hulle het op 31 Januarie en 1 Februarie aan die 4 + 1 Interprovinsiale Swemgala deelgeneem.*

## Skaak













*"Die skaak oefenig het afgeskop in Februarie 2026 en ons Lynnies is reg vir die jaar. Tans is ons besig om die leerders voor te berei vir die liga wat plaasvind in kwartaal 2. Dankie aan ons wonderlike afrigters wat seker maak dat ons Lynnies slaggereed is!"*

# Kultuur

## Redenaars

*Leerders neem entoesiasties deel aan die jaarlikse interne redenaarsuitdunne! Baie geluk Lynnies jul het behoorlik jul sê gesê en standpunt ingeneem. Welgedaan*!










**Redenaars**
Thea van der Lith
thea.vdLith@lynnwoodlaer.co.za

# Valentynsdagsokkie


Die **Diensraad** het hard gewerk om die Valentynsdagsokkie spesiaal te maak vir Lynnies. Jul harde werk is met liefde ontvang en Lynnies het 'n fees gehad!













# Algemeen

## Valentynsdag

*Deel jou liefde:*
*Nie net ontvang nie, maar uitdeel was aan die orde van die dag. Van die mooiste ruikers tot die lekkerste "choc-chip" koekies, het die Lynnieraad 'n mooi en spesiale Valentynsdag aangebied. Die tema pas perfek by die waardes van ons skool waar ons liefde, vriendelikheid, blydskap en geloof saam met elke maat kon deel.*



Die **Lynnieraad** het die personeel bederf met pragtige blommeruikers vir Valentynsdag.







# Personeel

## Verjaarsdae



**25 Februarie**

Tasha Venter

**29 Februarie**

Diana Louw







Die Dagbestuur wens vir mnr. Marco en mnr. Dirk geluk!



Die Omgeeraad wens vir Sarah & Jerry geluk!

Juffrou Raschel verwelkom hul seun, Joubert Truter, op 17 Februarie. Baie geluk.






Baie geluk aan Juffrou Annelle met die geboorte van hul dogter, Annabelle Lente Cooper, op 18 Februarie.

# Belangrik


## Damesoggend

Dames, hierdie oggend is net vir jou! 'n Heerlike oggend van saamkuier, lag en eet, inspirasie en pitkos om jou vrouwees te vier!




Kaartjiebesprekings

Hoop om jul almal daar te sien!




WhatsApp groep skakel




Brosjure




Bemarkingsgeleenthede

# Algemeen




Kliek hier

# Algemeen

## OLD SCHOOL™

STELLENBOSCH, SOUTH AFRICA
EST. 2019







Trotse Lynnie-ondersteuners!



Gaan loer gerus in by Kas-spasie!



# Vriende van Lynnwood












Adverteer hier

**Bemarker**
**Sharise Janse van Rensburg**
**bemarking@lynnwoodlaer.co.za**